**2 Augustus**

**Bid vir jou vyande!**

**Skrifgedeelte: Genesis 27**
**Fokusgedeelte: Gen 27:34-40**

“Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon!” (Ps 133:1) Hartlike eensgesindheid, veral eensgesindheid in Christus, binne ’n familie en binne die kring van gelowiges is ’n besondere seën en vreugde.

Maar, die versteurder van alle eensgesindheid, vrede en vreugde, die duiwel, lê oral op die loer. En hy slaan toe, veral waar dit die seerste kan maak. Ook dikwels by iemand by wie mens dit die minste sal verwag.

Jakob ontvang Esau se seën. Alhoewel Esau dit as ’t ware afgeteken het (Gen 25:31-34), en alhoewel hierdie gebeurtenis die uitvloeisel is van wat die Here self aan Rebekka gesê het nog voor die kinders se geboorte, naamlik dat die oudste die jongste sal dien (Gen 25:23), bekom Jakob die seën met behulp van bedrog.

Esau se reaksie hierop is aangrypend! Hy skreeu en roep bitterlik!

Om deur jou pa, of die persoon wat in die plek van jou pa opgetree het, geseën te word, was ’n besondere belangrike en onmisbare gebruik in die ou tyd. Daarom dring Esau daarop aan dat hy ook ’n seën van Isak verkry, al behels die inhoud van daardie seën nie veel goeds nie. Ons kan ons egter maar net indink in sy wrok teen sy broer Jakob. Sy haat vir sy broer wek selfs moordgedagtes, en hy maak geen geheim daarvan nie.

Onreg, liefdeloosheid en korrupsie is deel van ons lewe van die oudste tye af. Ook tussen familie, en selfs tussen medegelowiges kom dit dikwels voor.

Om onreg te verdra van ’n ongelowige, is dalk nog draaglik, alhoewel dit ook maklik kan lei tot wraakgedagtes. Om egter deur jou eie familie, of nog erger, deur jou broer of suster in die Here onderkruip te word, is ondraaglik.

*Waak ernstig teen wraakgedagtes, en veral teen wraakdade!* Onthou dat die wraak ons nie toekom nie. *Bid vir jou vyande*, sê Jesus. Is dit moontlik? Ja, verseker! Want die grootste onreg wat nog ooit gepleeg was, was toe Jesus Christus, die Onskuldige, die Seun van God, self God, in ons plek die volle toorn van God as gevolg van ons sonde, gedra het. Soos ’n lam wat stom was voor sy skeerders, het Hy geen woord van protes of wraak uitgespreek nie.

*Vergewe jou broer*, soos jy ook wil hê die Here jou moet vergewe!

*Sing: Psalm 133:1 en 2 (Totius)* *Ds. Lourens du Plessis (Delmas)*